Government Gazette
Staatskoerant
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 438 Cape Town, Kaapstad, 5 December Desember 2001 No. 22894

**THE PRESIDENCY**

No. 1283 5 December 2001

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 51 of 2001: Land Affairs General Amendment Act, 2001.**

**DIE PRESIDENSIE**

No. 1283 5 Desember 2001

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 51 van 2001: Algemene Wysigingswet op Grondsake, 2001.**

AIDS HELPLINE: 0800-123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ________ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 29 November 2001.)*

# ACT

**To amend the Land Reform (Labour Tenants) Act, 1996, by extending the definition of "applicant" to provide for associates to apply for the acquisition of rights in land and servitudes; to reduce the age at which a labour tenant who refused or failed to provide labour to an owner or lessee, may not be evicted; to make provision that a court satisfies itself that adequate arrangements have been made for the reinstatement of a person who was evicted, if a final order is not granted; to provide for offences; to make provision that associates also may apply for advances and subsidies, granted in terms of that Act, for the acquisition of land or rights to land; to amend the Extension of Security of Tenure Act, 1997, by the deletion of the reference to "labour tenant" in the definition of "occupier"; to insert a definition for "established practice" and to grant rights to occupiers to bury deceased family members residing on the land on which the occupier is residing, on that land; to grant a right to the family members of an occupier at the occupier's death, to bury that occupier on the land he or she was residing at; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 3 of 1996, as substituted by section 32 of Act 63 of 1997**

**1.** Section 1 of the Land Reform (Labour Tenants) Act, 1996, is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of the definition of "applicant" of the following paragraph:

"*(a)* a labour tenant, an associate or his or her successor who has lodged an application in terms of section 17(1); and".

**Amendment of section 9 of Act 3 of 1996**

**2.** Section 9 of the Land Reform (Labour Tenants) Act, 1996, is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* has attained the age of **[65]** 60 years, or as a result of disability is unable personally to provide labour to the owner or lessee; and".

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 29 November 2001.)*

# WET

**Om die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders), 1996, te wysig deur die uitbreiding van die omskrywing van "applikant" ten einde voorsiening te maak vir geassosieerdes om aansoek te doen om die verkryging van regte in grond en serwitute; om die ouderdomsperk te verlaag waarop 'n huurarbeider wat geweier of versuim het om arbeid aan 'n eienaar of huurder te voorsien, nie uitgesit kan word nie; om voorsiening te maak dat 'n hof homself tevrede stel dat voldoende reëlings getref is vir die hervestiging van 'n persoon wat uitgesit is, indien 'n finale bevel nie toegestaan word nie; om vir misdrywe voorsiening te maak; om voorsiening te maak dat geassosieerdes ook kan aansoek doen om voorskotte en subsidies, toegestaan ingevolge daardie Wet, vir die verkryging van grond of regte in grond; om die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 1997, te wysig deur die skrapping van die verwysing na "huurarbeider" in die woordomskrywing van "okkupeerder"; om 'n woordomskrywing vir "gevestigde praktyk" in te voeg en om regte aan okkupeerders te verleen om afgestorwe familielede wat op die grond woon waarop die okkupeerder woon, op daardie grond te begrawe; om 'n reg aan die familielede van 'n okkupeerder te verleen om daardie okkupeerder by sy of haar dood, op die grond waarop hy of sy woonagtig was, te begrawe; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 3 van 1996, soos vervang by artikel 32 van Wet 63 van 1997**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders), 1996, word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van die omskrywing van "applikant" deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* 'n huurarbeider, 'n geassosieerde of sy of haar opvolger wat 'n aansoek ingevolge artikel 17(1) ingedien het; en".

**Wysiging van artikel 9 van Wet 3 van 1996**

**2.** Artikel 9 van die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders), 1996, word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* die ouderdom van **[65]** 60 bereik het, of as gevolg van 'n gebrek nie in staat is om self arbeid aan die eienaar of huurder te voorsien nie; en".

**Amendment of section 15 of Act 3 of 1996**

**3.** Section 15 of the Land Reform (Labour Tenants) Act, 1996, is hereby amended by the addition of the following paragraph:

"*(d)* adequate arrangements have been made for the reinstatement of any person so removed, if the final order is not granted.".

**Insertion of section 15A in Act 3 of 1996**

**4.** The Land Reform (Labour Tenants) Act, 1996, is hereby amended by the insertion of the following section after section 15:

**"Offences**

**15A.** (1) No person shall remove or evict a labour tenant or an associate except on the authority of an order of a competent court.

(2) No person shall wilfully obstruct or interfere with an official in the employ of the State or a mediator in the performance of his or her duties under this Act.

(3) Any person who contravenes a provision of subsection (1) or (2) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine, or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both a fine and such imprisonment.

(4) Any person whose rights or interests have been prejudiced by a contravention of subsection (1) shall have the right to institute a private prosecution of the alleged offender.

(5) The provisions of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), shall apply to a private prosecution in terms of this Act: Provided that if—

*(a)* the person prosecuting privately does so through a person entitled to practise as an advocate or an attorney in the Republic;

*(b)* the person prosecuting privately has given written notice to the prosecutor with jurisdiction that he or she intends to do so; and

*(c)* the prosecutor has not, within 14 days of receipt of such notice, stated in writing that he or she intends to prosecute the alleged offence,

then—

(i) the person prosecuting privately shall not be required to produce a certificate issued by the Director of Public Prosecutions with jurisdiction in respect of the area of the court concerned, stating that he or she has refused to prosecute the accused;

(ii) the person prosecuting privately shall not be required to provide security for such action;

(iii) the accused shall be entitled to an order for costs against the person prosecuting privately, if—

*(aa)* the charge against the accused is dismissed or the accused is acquitted or a decision in favour of the accused is given on appeal; and

*(bb)* the court finds that such prosecution was unfounded or vexatious; and

(iv) the Director of Public Prosecutions contemplated in paragraph (i) shall be barred from prosecuting except with the leave of the court concerned.".

**Amendment of section 27 of Act 3 of 1996**

**5.** Section 27 of the Land Reform (Labour Tenants) Act, 1996, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Advances or subsidies referred to in section 26 may also, subject to such conditions as the Minister may determine, be applied to the acquisition of land or rights in land by former labour tenants, associates and persons who have been

**Wysiging van artikel 15 van Wet 3 van 1996**

**3.** Artikel 15 van die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders), 1996, word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende paragraaf:

"*(d)* voldoende reëlings getref is vir die herstel van enige persoon wat aldus verwyder is, indien die finale bevel nie toegestaan word nie.".

**Invoeging van artikel 15A in Wet 3 van 1996**

**4.** Die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders), 1996, word hierby gewysig deur die invoeging van die volgende artikel na artikel 15:

**"Misdrywe**

**15A.** (1) Geen persoon mag 'n huurarbeider of 'n geassosieerde anders as op gesag van 'n bevel van 'n bevoegde hof verwyder of uitsit nie.

(2) Geen persoon mag 'n amptenaar in diens van die Staat of 'n bemiddelaar opsetlik hinder in of inmeng met die uitvoering van sy of haar pligte kragtens hierdie Wet nie.

(3) 'n Persoon wat 'n bepaling van subartikel (1) of (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete, of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(4) 'n Persoon wie se regte of belange deur 'n oortreding van subartikel (1) benadeel is, het die reg om 'n private vervolging teen die beweerde oortreder in te stel.

(5) Die bepalings van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), is ten opsigte van 'n private vervolging ingevolge hierdie Wet van toepassing: Met dien verstande dat indien—

*(a)* die persoon wat privaat vervolg dit doen deur middel van 'n persoon wat geregtig is om in die Republiek as 'n advokaat of prokureur te praktiseer;

*(b)* die persoon wat privaat vervolg skriftelike kennis aan die aanklaer wat jurisdiksie het, gegee het dat hy of sy van voorneme is om privaat te vervolg; en

*(c)* die aanklaer nie binne 14 dae vanaf ontvangs van sodanige kennisgewing skriftelik aangedui het dat hy of sy van voorneme is om die beweerde misdryf te vervolg nie,

dan—

(i) word daar nie van die persoon wat privaat vervolg, vereis om 'n sertifikaat uitgereik deur die Direkteur van Openbare Vervolgings wat jurisdiksie ten opsigte van die betrokke hof het, voor te lê wat meld dat hy of sy geweier het om die beskuldigde te vervolg nie;

(ii) word nie van die persoon wat privaat vervolg vereis om sekuriteit vir sodanige aksie te voorsien nie;

(iii) is die beskuldigde geregtig op 'n kostebevel teen die persoon wat privaat vervolg indien—

*(aa)* die aanklag teen die beskuldigde afgewys word of die beskuldigde vrygespreek word of 'n beslissing ten gunste van die beskuldigde op appèl gegee word; en

*(bb)* die hof bevind dat sodanige vervolging ongegrond of kwelsugtig was; en

(iv) is die Direkteur van Openbare Vervolgings beoog in paragraaf (i) belet om, behalwe met verlof van die betrokke hof, te vervolg.".

**Wysiging van artikel 27 van Wet 3 van 1996**

**5.** Artikel 27 van die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders), 1996, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Voorskotte of subsidies in artikel 26 bedoel, kan ook, onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister bepaal, aangewend word vir die verkryging van grond of regte in grond deur voormalige huurarbeiders, geassosieerdes en persone van wie vereis is om 'n plaas ooreenkomstig die bepalings van artikel 9(2) te

required to leave a farm in accordance with the provisions of section 9(2): Provided that such applications were lodged prior to 31 March 2001.".

**Amendment of section 1 of Act 62 of 1997**

**6.** Section 1(1) of the Extension of Security of Tenure Act, 1997, is hereby amended—

*(a)* by the deletion of paragraph *(a)* of the definition of "occupier"; and

*(b)* by the insertion of the following definition after the definition of "employee":

" 'established practice' means a practice in terms of which the owner or person in charge or his or her predecessor in title routinely gave permission to people residing on the land to bury deceased members of their family on that land in accordance with their religion or cultural belief;".

**Amendment of section 6 of Act 62 of 1997**

**7.** Section 6 of the Extension of Security of Tenure Act, 1997, is hereby amended—

*(a)* by the insertion of the following paragraph after paragraph *(d)* in subsection (2):

"*(d*A*)* to bury a deceased member of his or her family who, at the time of that person's death, was residing on the land on which the occupier is residing, in accordance with their religion or cultural belief, if an established practice in respect of the land exists;"; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(5) The family members of an occupier contemplated in section 8(4) of this Act shall on his or her death have a right to bury that occupier on the land on which he or she was residing at the time of his or her death, in accordance with their religion or cultural belief, subject to any reasonable conditions which are not more onerous than those prescribed and that may be imposed by the owner or person in charge.".

**Short title**

**8.** This Act shall be called the Land Affairs General Amendment Act, 2001.

verlaat: Met dien verstande dat sodanige aansoeke voor 31 Maart 2001 ingedien is.".

**Wysiging van artikel 1 van Wet 62 van 1997**

**6.** Artikel 1(1) van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 1997, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* van die omskrywing van "okkupeerder" te skrap; en

*(b)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "geskikte alternatiewe akkommodasie" in te voeg:

" 'gevestigde praktyk' 'n praktyk ingevolge waarvan die eienaar of persoon in beheer of sy of haar voorganger in titel reëlmatig aan persone woonagtig op die grond toestemming verleen het om afgestorwe lede van hulle familie op daardie grond in ooreenstemming met hulle godsdiens of kulturele oortuiging te begrawe;".

**Wysiging van artikel 6 van Wet 62 van 1997**

**7.** Artikel 6 van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 1997, word hierby gewysig—

*(a)* deur die invoeging van die volgende paragraaf na paragraaf *(d)* in subartikel (2):

"*(d*A*)* om 'n afgestorwe lid van sy of haar familie, wat ten tyde van so 'n persoon se afsterwe woonagtig was op die grond waarop die okkupeerder woonagtig is, in ooreenstemming met hulle godsdiens of kulturele oortuiging te begrawe, indien 'n gevestigde praktyk met betrekking tot die grond bestaan;"; en

*(b)* deur die byvoeging van die volgende subartikel:

"(5) Die familielede van 'n okkupeerder beoog in artikel 8(4) van hierdie Wet het met sy of haar afsterwe 'n reg om daardie okkupeerder te begrawe op die grond waarop hy of sy woonagtig was ten tyde van sy of haar afsterwe, in ooreenstemming met hulle godsdiens of kulturele oortuiging, behoudens enige redelike voorwaardes wat nie meer beswarend is as dié voorgeskryf nie en wat deur die eienaar of persoon in beheer opgelê word.".

**Kort titel**

**8.** Hierdie Wet heet die Algemene Wysigingswet op Grondsake, 2001.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5500
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5500